# Groete uit die Noordkaap

## Maandag – Uitsending 902

So begin nog ‘n week, luisteraars. Kyk, dit help nie ons stry die heeltyd oor watter dag dit is nie. Ek vermoed dit is Maandag en basta met die res. In elk geval was ek nie lus om op te staan vanoggend nie – dit is ‘n definitiewe teken van ‘n Maandag oggend.

Dankie vir die goeie terugvoer van laas Vrydag se resep. Ek is bly dit kon ‘n paar van julle bietjie help. Mens kan mos nie net oorleef nie, mens moet voluit leef. Dit is wat ek altyd vir my vroulief preek.

“Is mos so, Dollie? So gesê, so gedaan. Dis mos ons leuse. Carpe diem.”

Ek stem saam met julle. ‘n Goeie Malbec sou beter pas by die springbokkie. Maar my voorraad is skaarser as ‘n koelte kol in die Kalahari. So die Merlot moes maar instaan.

Vanaand doen ek iets heeltemal anders. Fisant. Ek was laas week besonder gelukkig. Twee van die voëltjies het in my wip beland. Dit bly hartseer om sulke mooi voëltjies nek om te draai, maar die kalf is in die put. Julle ervaar dieselfde probleme met vars vleis, so verstaan dit seker maar al te goed.

Ek het hulle mooi skoongemaak en in die koelkamer gehang tot vanmiddag. Nou is hulle kamertemperatuur. Beide die hang tyd en die regte temperatuur is baie belangrik met sulke delikate vleis.

Die vuur is baie hittig. My groot pan is al witwarm. Ek het die pan met my tuisgemaakte olie behandel. Die fisante is gesout en blink gesmeer met kruie botter - dit gaan help om die vel lekker bruin en bros te kry.

“Dollie, wat staar jy so na my? Wou jy iets byvoeg?”

Nee, soos gewoonlik doodse stilte. Staar net met die groot blou ogies vermaaklik na my. Die beste stuurvrou staan mos altyd aan wal.

Ek hou daarvan om die fisante borskant bo te braai aan die begin. Gee dit maar genoeg tyd en vlek dit mooi oop. Die borsies moet laaste gedoen word om lekker sag en sappig te wees.

"Op hulle ruggies... tieties in die lug, Dollie. Laat my aan iets ander dink, of hoe vroulief?"

Die binnekante is propvol gestop met botter, 'n suurlemoen en die organiese kruie hier uit my tuin. Tiemie, wilde roosmaryn en natuurlik heelwat basiliekruid.

Nou draai ek hulle om en gooi met die lepel die warm botter oor die gebraaide dele. Kyk net hoe pragtig verbruin alles!

Maar wees versigtig. Wilde voëls gaarmaak is bietjie soos 'n chaos teorie - alles gebeur gelyk hier aan die einde. Dit is maklik om dit oorgaar te maak. Ek hou van myne so pienkerig soos die Fransmanne. Wonder hoe lyk dinge daar by hulle... seker maar woes.

Saam met dit bedien ek vanaand van my Creation Pinot Noir. En ja, vriende, ek maak weer soos gebruiklik twee bottels oop. Julle kan maar spot. Ons is dan twee mense, so 'n bottel vir elk is heel gepas.

"Of hoe praat ek, Dollie? Die een wat se bottel eerste leeg is, help dan die ander om syne klaar te maak. Dis mos nie my skuld as ek twee keer vinniger as jy drink nie..."

Gisteraand het ek 'n verskriklike nagmerrie gehad. Ek dink dit was die stormwinde wat gister gewaai het. In die droom het ek my wynbottel oopmaker verloor wat 'n groot ramp sal wees. Waar sou ek weer een in die hande kry – ek sal moet dorp toe. Jule weet dit kan 'n doodsvonnis wees, maar gelukkig was dit net 'n nare droom.

Ons bedien net 'n eenvoudige slaaitjie saam met die fisante.  Die tuin bied die tyd van die jaar nie baie nie, maar 'n groenigheid laat darem die bord mooier lyk.

Laat ek net die twee pistole afhaal, mens kan nie lekker sit met die goed wat rem hier aan jou belt nie. Toemaar, dit bly hier reg langs my op die tafel. Julle weet dit is my gewoonte, ek preek immers gedurig vir julle daaroor.

"Kom ek help jou tot hier by die tafel, Dollie. So ja, dis darem nie te betaamlik om so sonder klere aan tafel te sit nie. Kom ek gooi die servet so bietjie strategies oor jou bene. Ja, dis beter."

Nou ja julle, tot more aand dan. Dankie vir die inskakel.

Wees waaksaam, daar is nou 'n miljoen maniere waarop jy jou gat kan sien.

Groete uit die Noordkaap.

***

## Dinsdag – Uitsending 903

Vanaand hou ek die uitsending bondig. Die tweede dag van die week was 'n gebeurlike affêre en ons is omtrent pootuit. Kyk, julle weet teen nou al ons maak 'n goeie span. Ek en ou Dollie. Maar vandag was so dit so naby as dammit aan 'n vloekwoord.

Die ete van die dag is konyn, lekker gemaak in 'n bredie. Ek het die konynvleis eers verbruin in die olie, en die wilde uie en sampioene gebraai tot goudkleurig. Wees maar wakker as jy sampioene pluk in die veld, nie alles is eetbaar nie. Basies alles in stukke gesny, groente gekerf en saamgegooi in die groot swart pot.

Wortels, aartappels, selery, wilde knoffel, tiemie en sout.

"Ja, Dollie. Alles uit my eie werf - almal weet dit mos teen die tyd! Ek hoef dit nie die heeltyd te beklemtoon nie. Dit maak net die luisteraars bedruk en herinner hulle aan hul eie omstandighede."

Bietjie van gisteraand se fisant aftreksel en ‘n bottel wit wyn – sommer ‘n draai prop Chenin. Alles prut nou al vir omtrent vier ure en dit is amper reg.

Onthou maar, lae hitte.  Alles moet tydsaam lekker saam prut en gesels, totdat dit sag word. Dit vat tyd. Ons het mos deesdae baie daarvan – te veel tyd.

Hierdie gereg moet nog so rukkie aangaan. Maar kom ek verduidelik eers waar die konyne vandaan kom. Ek weet julle is baie nuuskierig.

Dit het alles begin met my oggend patrollie van die heining om die plot. Dit was windstil en snikheet. Selfs so vroeg al. Ek kon die stank van die dorp se kant af ruik. Dit gebeur altyd as dit so witwarm is. Die weer is behoorlik opgeneuk sedert die ‘Groot Val’.

Soos ek altyd preek vir julle vat ek my tyd met die takie. Ek bekyk alles baie noukeurig deur die heining. Julle weet mos ek het alles afgebrand en gesloop vir vierhonderd meter rondom die plot.

Ek kan dus mooi sien. Hoe meer jy jou tyd gebruik, hoe minder mis jy die gevaartekens. In die bome was daar beweging, so laag op die grond. Ek kon my verkyker oë nie glo nie. Dit was twee swart konyne. Sulke vettes.

Die versoeking was te groot, ek moes hulle probeer oes. Ek het die hele omgewing deur versigtig verken en daar was niks ander beweging nie. Ek het besluit om die kans te waag.

Dollie wou help. Ek het haar vinnig gehelp om haar cammo uitrusting aan te trek. Daai geel en groen pakkie met die combat boots.

“Jy het omtrent sexy gelyk, Dollie!”

Sy het wag gehou by die hek, terwyl ek versigtig uitglip. Ek met die AR masjiengeweer. Albei pistole. Die haelgeweer oor my rug.

Die konyne was nie eers wild nie. Ek het hulle met twee vinnige skote afgemaai. Die AR klap gelukkig nie te hard nie. Maar vir my het die skote weergalm deur die verlate veld.

My hartklop het soos ‘n trekker begin dreun. Ek het hulle vinnig opgeraap. Laat spaander terug na die hek. Die vierhonderd meter oor die swartgebrande veld het skielik baie ver gevoel. Dollie het my stil aangemoedig.

Die trop honde het op volle vaart uit die bome gebars soos ‘n stortvloed. Natuurlik die skote gehoor. Die skielike geblaf was soos ‘n warm lat oor my gat. Ek het my tree gerek so al wat ek kan op my ouderdom. Ek het die hek net-net gehaal.

Die dol bliksems het met skuimende bekke teen die elektriese heining gebots. Die haelgeweer het handig te pas gekom. Party was nie doodgeskok nie. Ek vermoed hulle muteer en word taaier. Laat my weet of julle iets soortgelyks oplet.

Ek moes die goed wegsleep en die karkasse verbrand. Die stank was ongelooflik.

Maar die konyne was veilig binne die heining.

Gisteraand se nagmerrie moes my gewaarsku het, maar as ek elke droom oor bloed en hare ernstig opneem, sal ek my ophang aan die naaste boom. Een van die bome hier binne die erf, nie daar buite nie.

Na ‘n paar tuis gebroude koringbiere het my en Dollie se senuwees bedaar. Kon toe die vuur aansteek en die konyne bewerk. Ek moet bieg ek het solank ‘n bottel rooiwyn geklap tydens die gaarmaak. Ek weet julle sal verstaan. Dit was net vir bietjie dapperheid-medisyne na die honde petalje.

“Nee kyk, Dollie. Dit was amper, maar hierdie reuke maak dit die moeite werd. Goeie keuses, ons moet net aanhou goeie keuses maak.”

Vanaand maak ek my laaste twee bottels Hazendal Syrah oop. Die 2029 oesjaar. Die Syrah is kragtig genoeg om die wildsvleis te komplimenteer. Ja, ek weet julle dink dit is uitspattig. Dit is ‘n netjiese wyn. So ‘n sjarmante bottel ook.

Dollie het dit weer op my hart gedruk. Hoekom spaar ek die goeie goed, dit help nie om nou suinig te wil wees nie. Gebeure is net te onvoorspelbaar. Beter om die beste te geniet terwyl ons nog in die land van die lewendes is.

"Sien jy wat doen ek, Dollie? Hazendal en ons eet hase... dit is darem skreeusnaaks of wat praat ek alles... nee, seker eerder ironies as snaaks."

Ek gaan nou opskep. Net gou vir Dollie help tot by die tafel. So ja, dit is beter...

"Wag, wat was dit! Het jy ook iets gehoor, Dollie?"

"Hier hou jy die AR by jou, ek sal die haelgeweer vat."

Net so oomblik mense. Ek gaan net die noodligte aansit om verder buite te kan sien.

***

Jammer, ek is terug, dit was niks. Hoop ek.

Bliksem, my senuwees is bietjie op hol. Met die honde was hier te veel lawaai. Julle weet die harde klanke trek hulle aan. Ek sal vannag maar met een oog oop moet slaap.

"Jammer, Dollie. Niks van jou gewone streke vanaand nie. Ek moet my krag spaar. Jy weet as jy eers aan die gang kom put jy my heeltemal uit."

Magtig maar die konyn het lekker sag geword. Die sous is mooi verdik en die groente alles lekker sag - selfs die wilde groente het die geure mooi opgeneem.

Net soos ek vermoed het. Die wyn en die konyn is dik tjommies.

Nou ja, tot more aand dan. Dankie weereens vir die inskakel.

Woef, woef! Daar is nou 'n miljoen en een maniere waarop jy jou gat kan sien.

Groete uit die Noordkaap.

***

## Vrydag – Uitsending 904

Bliksem, wat ‘n week! Sedert die konyn episode het ek omtrent nie ‘n oog toegemaak nie.

“Jammer oor my taal, Dollie. Ek weet jy hou nie daarvan nie.”

Kom ons begin met die resep van vanaand. Ek braai skaaptjops en ribbetjies. Ja, julle is lekker verbaas, of wat praat ek? Wanneer laas kon ek daai woorde gebruik... ek weet julle wens nou julle kon soos in die ou dae net oorry en kom kuier. Rugby kyk. Bier drink. Skaaptjops braai.

“Dit sou darem lekker wees, Dollie! As almal nou kon oorkom en ons hou ‘n lekker braai. Maar jy sal darem klere moet aantrek. Miskien daai oulike somerrokkie.”

Julle het seker gewonder waar ek was. Seker gedink ek het lepel in die dak gesteek. Maar onkruid vergaan nie.

Dit het Woensdag vroegoggend begin. Gelukkig het die alarms my vroegtydig gewaarsku. Ek het hulle uit die dorp se rigting sien aanwaggel. Nie baie nie, net so twintig.

Ek het tot op die laaste oomblik gewag en gehoop hulle kom nie in my rigting nie. Maar tevergeefs. Die verbrande honde het hulle gelok. Dit was naby genoeg om ons te kon ruik.

Julle weet mos mens kan sommer sien as hulle jou reuk optel. Skielik ruk hulle koppe, Snuif hard. Skuim om die mond. Tande wat onbeheers klap. Waggel en strompel vinnig. Reguit in jou rigting. Soos kwylende ongediertes.

Ek het hulle eers met die AR en later met die haelgeweer gestop. ‘n Paar het amper tot by die draadheining gekom. Maar ek kon hulle neersit. Voor hulle kon skade aanrig.

Soos julle kan raai. Die lawaai en geskiet het ongelukkig die hele dorp op roer gejaag. Dit stroom in my rigting soos ‘n rivier van dood. Ek moes in die toring inklim. Dollie ook

agterna. Ek het al die haelgewere, pistole en die ekstra ammunisie opgehys. Ingeval hulle deur die heining kom.

Die groot Browning masjiengeweer was gereed daar hoog bo die aarde. Ek was verlig as die toring glad swaai soos ‘n merry-go-round. So kon ek reg rondom die plot alles onder skoot kry.

Kyk, daai groot kanon maak ‘n moerse lawaai, maar ek het die oorklappe vir my en Dollie aangesit. Sy was so dapper, nie ‘n bang haar op daai leë koppie nie.

Op twee honderd meter het ek losgebrand op die stormvloed. Hulle het soos mielies geval voor ‘n John Deere stroper in die Vrystaat. Ek het eers die een kant skoongevee, toe die ander kant. Dit het lank aangehou.

Kyk, mense. Laat ek nou vir julle vertel. Ek was nooit ‘n rassis nie, maar die hele ‘zombie virus’ ding het al daai probleme opgelos. ‘n Zombie is ‘n zombie, maak nie saak of dit eers ‘n wit, bruin of swart mens was nie.

En hulle wil almal vars mensvleis proe! Hulle gee ook nie om oor jou velkleur nie. Hulle wil jou net tand en jou opeet. Een skrapie dan is jy ook vol van die virus. Kort voor lank moet jou familie ‘n tekkie spin of jy knaag aan hulle.

Tragies verby.

My groot patrone vir die masjiengeweer was amper moertoe. Ek het desperaat geraak. Skielik bars hier ‘n donderstorm uit, net so skielik en van nêrens af. Net soos die weer deesdae is. En dit donderweer, waai en sous hulle terug na die dorp. Stomme goed.

Die laaste twee dae het ek net skoongemaak. Met die stootskraper. Die laaste diesel gebruik om alles te verbrand.

Ek sal seker maar weer ‘n ekspedisie moet aanpak en kyk of ek iets kan aas. Patrone, diesel, voedsel. En wyn. Al wat ek kort is bietjie moed.

Een van die skapies het losgekom in die harwar. Seer gekry. Ek het nie nog skaap medisyne nie. Dis hoekom ek nou tjoppies braai vanaand.  Silwer randjie aan die donker wolk.

“Genade, Dollie. Ek het nog nie eers vir almal vertel nie. Jy was amper bokveld toe!”

Dit was nou vir jou ‘n amperse ramp. Terwyl ek en Dollie by die toring afklim in die stortreën, gly my hand en ons val hard die laaste paar meter. Dollie het vasgehaak teen die doringdraad wat die toring beskerm.

Sy het ‘n lelike wond opgedoen, ‘n groot skeur op haar skouer. Ek het eers wanhopig probeer om die wond toe te knyp, maar dit was te groot.  Ek was ook oombliklik besorg oor ‘n moontlike infeksie. Of klem in die kaak.

En die klank van die lug wat ontsnap! Dit was aaklig om aan te hoor. Sy het al papper geword, ek kon sien hoe die lewe haar verlaat.

Ek het so vinnig moontlik na die huis gehardloop en die noodhulp kissie gegryp. Kyk, met ducktape kan jy enigiets regmaak.  Sy was omtrent heeltemal afgeblaas, maar ek kon vinnig die wond toeplak.

Om haar op te blaas sit ook nie in elke ou se broek nie. My asem het behoorlik gejaag. Seker maar van die skok. Ek het haar amper verloor. Die lewe is so kort deesdae.

“Jy het my groot laat skrik, Dollie. Wat sal ek sonder jou doen?”

So, jammer dat ek nou eers weer ‘n resep deel. Saam met die braaivleis gaan ek groot met ‘n Zorgvliet Cabernet Sauvignon. Miskien ‘n bietjie swaar, maar dit pas by my gemoed na die gehoer en remoer.

As alles goed gaan dan praat ons weer Maandagaand. Dankie weereens vir die inskakel.

Knibbel, knabbel! Wees waaksaam, daar is nou miljoene maniere waarop jy jou gat behoorlik kan sien.

Groete uit die Noordkaap.

——